Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Sefanja 3:14-20 (1953)

14 Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en
jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem!
15 Die HERE het jou oordele opgehef, jou vyand
weggeveeg; die koning van Israel, die HERE is by jou, jy
sal geen kwaad meer vrees nie.
16 In dié dag sal aan Jerusalem gesê word: Vrees nie, o Sion,
laat jou hande nie slap hang nie!
17 Die HERE jou God is by jou, 'n held wat verlossing
skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in
sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.
18 Die wat bedroef is, ver weg van die fees, versamel Ek;
hulle hoort by jou, die smaad druk swaar op hulle.
19 Kyk, in dié tyd sal Ek met al jou verdrukkers handel; en
die wat kreupel is, sal Ek red; en die wat verjaag is,
versamel; en Ek sal hulle maak tot 'n lof en tot 'n roem wie
se skande oor die hele aarde was.
20 In dié tyd sal Ek julle aanbring, ja, in die tyd wanneer Ek
julle versamel; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof
onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë
julle lot verander, sê die HERE.

Lesing 2: Lukas 3:7-18 (1953)

7 Toe sê hy vir die skare wat uitgegaan het om deur hom
gedoop te word: Addergeslag, wie het julle aangewys om te
vlug vir die toorn wat aan kom is?
8 Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by
julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê
vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir
Abraham te verwek.
9 Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke
boom dan wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en
in die vuur gegooi.
10 En die skare het hom gevra en gesê: Wat moet ons dan
doen?
11 En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke
het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel
het, moet dieselfde doen.
12 En tollenaars het ook gekom om gedoop te word, en vir
hom gesê: Meester, wat moet ons doen?
13 En hy antwoord hulle: Moenie meer invorder as wat julle
voorgeskrywe is nie.
14 En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat
moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand
geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle
soldy.
15 En terwyl die volk in verwagting was, en almal in hulle
hart oorweeg het aangaande Johannes of hy nie miskien die
Christus was nie,
16 antwoord Johannes almal en sê: Ek doop julle wel met
water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem
ek nie waardig is om los te maak nie — Hy sal julle doop
met die Heilige Gees en met vuur.
17 Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur
skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur, maar die
kaf met onuitbluslike vuur verbrand.
18 Hy het dan ook met baie ander vermaninge die evangelie
aan die volk verkondig.

Broodjies vir die Pad

Op die trein

deur Johan du Toit

Inbrekers verniel my motor toe so dat dit na die paneelkloppers en elektrisiën moet gaan vir herstelwerk. Dit noodsaak my toe om van openbare vervoer gebruik te maak. Soos die grootste deel van Mzansi se mense maar daagliks oor die weg moet kom: met treine, taxi's en busse.

Ek ry elke oggend met die trein van my woonplek na my werkplek. Een oggend klim ek op die trein wat in die geval net derdeklas waens het… die sitplekke is teen die kante af. Ek gaan sit langs 'n groterige vrou – sy is vas aan die slaap – en sy wieg heen en weer soos die trein… oomblikke later rus haar kop saggies op my skouer…

Oorkant my sit drie groterige vrouens en hulle sien toe wat gebeur en begin toe lag en praat met mekaar in Xhosa. Die vrou langs my word wakker. Sy glimlag eers verleë en lig haar kop op. Ek begin ook lag. Sy kyk eers vir my en toe laat sy haar kop weer saggies op my skouer sak… en begin met die mense oorkant saamlag.

Die gevoel van haar skouer teen myne en kop op my skouer is sag en liggies… en op 'n vreemde, maar gerusstellende manier voel dit op daardie oomblik soos Jesus se aanraking…

◆◆◆

THE STABLE

The winds were scornful,
Passing by;
And gathering Angels
Wondered why

A burdened Mother
Did not mind
That only animals
Were kind.

For who in all the world
Could guess
That God would search out
Loneliness.

Sr. M. Chrysostom, O.S.B.
Robert, Cyril. *Mary Immaculate: God's Mother and Mine*. New York: Marist Press, 1946.

◆◆◆

Items voted RED: high probability of historical authenticity

- JBap's characteristic activities took place in the wilderness
- JBap was part of a broader baptizing phenomenon or movement
- JBap's time overlaps that of Jesus
- JBap's locale overlaps that of Jesus
- JBap preached
- JBap baptized with water
- JBap taught repentance
- JBap preached baptism
- JBap's baptism was understood to express repentance
- JBap administered baptism himself
- JBap's exhortations and activities had a widespread appeal.

Items voted PINK: reasonable probability of historical authenticity

- JBap's baptism was a form of Jewish immersion rite
- JBap's baptism was done in flowing water
- JBap's baptism was understood to mediate God's forgiveness
- JBap's baptism was understood to be a protest against the temple establishment
- JBap's baptism was understood to purify from uncleanness
- JBap's baptism was understood as an initiation into a Jewish sectarian movement
- JBap spoke the words in Mark 1:7, Luke 3:16b and Matt 3:11b
- JBap spoke the words in Luke 3:17 and Matt 3:12
- In response, people repented
- In response, people were baptized
- JBap had disciples
- Pharisees came to hear JBap
- Sadducees came to hear JBap
- Toll collectors came to hear JBap
- Soldiers came to hear JBap
- JBap acted as a prophet
- JBap was an apocalyptic preacher

Items voted GRAY: reflect a later Christian perspective but may preserve authentic information about John

- JBap's baptism was understood to foreshadow an expected figure's baptism
- JBap spoke the words in Mark 1:8, Luke 3:16a,c and Matt 3:11a,c
- JBap spoke the words in Luke 3:7-9 and Matt 3:7-10
- JBap spoke the words in Luke 3:11
- JBap spoke the words in Luke 3:13
- JBap spoke the words in Luke 3:14
- JBap was a former Essene
- JBap imitated Elijah
- Jesus began his public ministry at the time JBap was imprisoned

http://gregoryjenks.com/2012/12/09/advent-3b-16-december-2012

Brood vir die Pad

Liefde wat nie kan stop om bekyk te word

deur Wilhelm Jordaan

Franz Kafka het eens gesê die liefde is soos 'n draaiende spintol – dit verloor bekoring sodra jy dit met die hand stop om te kyk hoe dit werk.

Ja, dit is so. Die osmose tussen geliefdes gebeur soos dit gebeur. Tog dan 'n handvol proe-proe-paragrawe oor dié gebeurlikheid!

Miskien heel eerste dat liefdesmaats mekaar liefhet as mense van vlees en bloed en nie illusies oor mekaar vertroetel nie. Verhoudings loop dikwels skeef omdat mense verlei word deur vergesogte idees oor "ware liefde" – dat die een wat jy liefhet foutloos is, nooit knorrig nie, al jou behoeftes sal vervul, al jou eensaamhede en angste sal verdryf en altyd goedkeur wat jy sê en doen.

Daarteenoor die gewilligheid om steeds lief te hê al is die geliefde onvolkome en onafgerond – miskien juis omdat jyself so onvolkome en onafgerond is.

Vir liefdesmaats is hul verhouding nie vanselfsprekend nie. In die vroeë liefdesvuur word baie tyd en energie bestee om die verbintenis met passie te verken.

Algaande word dit verdring deur werkverpligtinge, die gesinslewe se eise, rolomruilings en onvoorsiene verskille in beskouings. Juis dan moet tyd en ruimte gemaak word om aan 'n verhouding nuwe gestaltes te gee.

Liefdesmaats vertrou mekaar. Hulle is oortuig hul omgee vir mekaar is 'n werklikheid waarop hulle kan reken en dat die voortgaande ontdekking van mekaar se ontvouende mensheid wedersyds vormend en genotvol is.

Uit dié soort vertroue groei eerlikheid – om volgens jou beste insigte en bedoelings opregte mededelings oor jouself en jou begrip van lewensdinge te maak. Jou woorde is betroubaar – soos 'n goeie kompas wat "ware noord" soek.

Juis daarom kan liefdesmaats mekaar se teregwysings en vermanings aanhoor én verduur omdat elkeen weet wat die ander eerlik sê, soek nie eiebelang nie en is nie daarop uit om die ander 'n pedagogiese lessie te leer of te verneder nie.

Vertroue en eerlikheid loop uit op onvoorwaardelike agting vir mekaar. Dit maak dat liefdesmaats nie net vreugde het aan die gedeelde dinge wat hulle in dieselfde kragveld hou nie, maar ook begrip het vir mekaar se andershede – al die verrassende vreemdhede wat jou beurtelings laat lag en slange wil laat vang.

Dié verskille tussen liefdesmaats kan dan verstaan word as veredeling van 'n verhouding eerder as verbrokkeling.

Maar bedink nou weer dié proeseltjies van die liefde en jy weet Kafka is reg!: Die liefde leef nie in die voorafgaande paragrawe nie; nie in digterlike verse nie; nie in geleerde tesisse, raadgeeboeke en in verhoudingsresepte nie.

Om 'n ander lief te hê is 'n belewende wonderwerk – buite die bestek van begrip, maar binne die bereik as jy jou hart daarop sit en verwonderd bly oor hoe die ding wat spin, bly spin.

http://www.beeld.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Liefde-wat-nie-kan-stop-om-bekyk-te-word-20121204

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877